

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 April 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 50:1, 7 (p. 254)

- 1 Die grote God, die HERE spreek! / Hy roep, Hy daag die aard', van waar die son in goudglans uit kom breek / tot waar hy sterwend neer sal vaar. Uit Sion, sonder voorbeeld skoon, / spreid God sy ligglans ver ten toon.
- 7 "Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan, betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan. Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 47:1, 4 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug! Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef, sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste^{en} in eer, groot is God die HEER!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar van die heidendom. Vorste^{en} volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees. Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe^{en} is Hy!

Gebed

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig, en voor die gode^{en} in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig. Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe. En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe! U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe. Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone, wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Skriflesing: Romeine 11:33-12:8; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:32

Kernvers: Romeine 12:1

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. (Romeine 12:1 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Open 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Efes 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Tema: Christen, jy is gesalf tot 'n priester van Jesus Christus

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kom vanaand by die derde gesprek wat die gelowige met die ongelowige vraagsteller het oor waarom hy 'n Christen genoem word. Die vraagsteller luister met groot aandag na die gelowige. Daarom kon hy die lyn trek van die Naam Christus na die naam Christen en sekere afleidings daaruit maak.

Aangesien die Naam Christus die ampstitel van Jesus is en Hy 'n drievoudige amp as Christus beklee, het die vraagsteller aan die gelowige gevra of hy as Christen dan ook 'n amp het. Daarop het die gelowige positief geantwoord. Hy en alle Christene staan in die amp van die gelowige. Daarom is hy ook 'n profeet, priester en koning in diens van Jesus Christus. As profeet bely hy die Naam van Christus. In verlede Sondagaand se gesprek het die gelowige sy profetiese werk aan die vraagsteller duidelik gemaak. Vanaand wil die vraagsteller egter weet wat sy priesterlike werk in diens van Jesus Christus behels.

Die vraagsteller onthou dat Jesus as die enigste Hoëpriester Homself aan die kruis geoffer het sodat God die Vader sondaars hulle sondes kan vergewe. Offer is tog die groot werk van 'n priester. Moet Christene dan ook vir die Here offer en wat moet hulle vir die Here offer? 'n Christen, sê die gelowige aan sy vraagsteller, moet homself as 'n lewende dankoffer aan die Here toewy.

Toe die vraagsteller hoor wat die priesterlike werk van die Christen behels, sien 'n mens sommer dadelik 'n klomp vrae by die ongelowige ontstaan. Waarom sal 'n mens homself as 'n lewende offer aan die Here wil toewy? Dit klink dan asof 'n Christen nie meer 'n lewe vir homself kan hê nie. Ja, miskien kan 'n mens nog 'n uur of twee op 'n Sondag vir die Here op-offer, maar om jouself geheel en al aan die Here toe te wy – is dit nie 'n bietjie baie nie?

Broers, susters en kinders, in ons kernvers gee die Heilige Gees vir die gelowige die antwoord oor hoekom 'n Christen homself as 'n lewende dankoffer aan die Here sal toewy. En Hy sê ook wat dit behels om 'n lewende dankoffer vir die Here te wees. Kom ons luister eers hoekom 'n Christen homself as 'n lewende dankoffer aan die Here wil toewy. Paulus begin om vir die Christene in Rome te sê:

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God.

(Romeine 12:1a AFR53).

Die woordjie *dan* maak dit aan ons duidelik dat wat hier geskryf staan voortbou op wat reeds gesê is. Ten eerste word daar voortgebou op grond van wat direk voor vers 1 geskryf staan:

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen. (Romeine 11:36 AFR53)

As alle dinge uit God, deur God en tot God is, beteken dit dat elke Christen se lewe in geheel uit God en deur God moontlik is. Dit is God die Heilige Gees wat aan die Christen die nuwe lewe gee en dit is Hy wat hierdie lewe in stand hou met die Woord. As alle dinge daarop moet uitloop dat God self verheerlik word, beteken dit dat Christene hulle lewens geheel en al tot eer van God moet lewe.

Maar die woorde in ons kernvers bou eintlik voort op alles wat Paulus tot dusver aan die Romeine geskryf het. Aan die begin van hierdie brief het hy geskryf hoe hopeloos en hulpeloos mense in die sonde verlore is. Mense wat nie in Christus glo nie, is nie regverdig of verstandig nie. Mense wat nie in Christus glo nie, stel nie eers belang om te weet wat God se wil is nie, wat nog te sê om dit te doen. Sulke mense se lewens draai net om

hulleself en hulle dink nie eers aan die ellende wat hulle optrede en woorde aan ander mense aanrig nie (Rom 3:10-18). En die uiteinde van so 'n lewe in sonde is die dood waarin die mens vir ewig nooit die liefde en genade van die Here sal ondervind nie.

Aangesien dit is hoe alle mense se lewens lyk en dit hulle einde is sonder Christus, beteken dit dat geen mens sonder die genade en ontferming van God sal kan oorleef nie. Maar Paulus praat van die ontferminge van God in die meervoud. Elke dag ontferm die Here Hom oor mense. Hy skenk nog aan hulle genadetyd sodat hulle tot bekering kan kom. Hy skenk aan hulle sy Woord en predikers van sy Woord sodat hulle kan hoor dat Jesus Christus in die plek van sondaars aan die kruis gesterf het.

God maak Homself bekend as die genadige en barmhartige God, die God vol liefde en ontferming. Die Here stel sy eer daarin dat Hy mense deur die dood van sy Seun red van die ewige dood wat hulle eintlik verdien. Daar is niemand wat kan sê dat die Here aan hom verlossing verskuldig is nie. Niemand kan op grond van sy goeie werke of wat ook al sê dat die Here hom moes verlos nie. Alle mense is van geboorte af natuurlike sondaars wat die regverdige oordeel van God verdien. Al wat 'n mens kan doen is om die Here te smEEK vir genade. En die Here se genade en ontferming is so oneindig groot dat Hy self sê:

Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

(Romeine 10:13 AFR53)

Alhoewel Paulus nie al die Christene in Rome persoonlik ken nie, staan hy saam met hulle op gelyke voet. Hy noem hulle *broers* – dit is mense wat saam met hom en net soos hy ondervinding het van die ontferminge van God. Uit genade het God hulle gered en Jesus Christus het hulle almal deur die Heilige Gees tot bekering en geloof gebring. Almal van hulle het ewe veel die genade van die Here nodig en dit is op die gelyk grond voor die kruis van Jesus Christus waar 'n mens hierdie genade van God vind.

Omdat die Christene in Rome net soveel genade van God in Christus ontvang het, kom staan Paulus in die gees langs hulle om hulle aan te spoor tot 'n lewe wat regtig dank en lof aan die Here sal toebting. Geliefdes, elkeen van ons wat al die ontferminge van God ondervind het en elkeen wat deur die Heilige Gees in Christus ingelyf is met die ware geloof word ook vanaand aangespoor tot 'n lewe van dank en lof aan God.

God die Vader het sy hele hart aan jou geskenk toe Hy sy eniggebore Seun aan die kruis vir jou geoffer het. In sy Hoëpriesterlike werk het Christus niks teruggehou om jou van die ewige dood te red nie. Hy het Homself volledig aan die kruis oorgegee om in jou plek te sterf. Daarom word ook jy dringend opgeroep om jouself as **'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer** te gee; **dit is jou redelike godsdiens.**

Die beeld van 'n offer wat Paulus gebruik, was alombekend by die Jode en die heidene van destyds. In die Joodse godsdiens was dit gebruik om 'n dier aan die Here te offer. Die heidene het aan hulle afgode ook offers gebring. Die dier is doodgemaak en op die altaar verbrand sodat daar niks van die dier oorgebly het nie. In die Joodse godsdiens is diere geoffer om versoening by God te verkry. Na Christus se koms en sy offer aan die kruis, bring Christene nie meer 'n offer om versoening by God te verkry nie. Jesus Christus se offer is dié versoeningsoffer wat alle ander versoeningsoffers oorskadu. Daarom praat Christene van hulle offer aan die Here as 'n lewende dankoffer. Dit is 'n offer van dank omdat Christus die versoening bewerk het. Kom ons kyk nou wat hierdie offer van 'n Christen behels.

Ten eerste, om jouself as 'n lewende dankoffer aan die Here toe te wy, is nie iets wat outomaties gebeur nie. Paulus roep die Christene op om hulle liggame as 'n offer te stel of

te gee. Dit beteken dat 'n mens moet dink oor wat jy gaan doen en dan die besluit neem om dit te doen. Jy self moet dit doen, want geen ander Christen kan in jou plek 'n dankoffer aan die Here bring nie. Elke Christen kan net sy eie dankoffer aan die Here bring.

Christenkinders leer by hulle ouers hoe om hulleself aan die Here offer. Maar hoe ouer kinders word en uiteindelik hulle geloof in die Drie-enige God openlik bely, belowe hulle ook dat hulle nou self die besluit gaan neem om hulle aan die Here toe te wy. In aansluiting by Sondag 1 se antwoord waar Christene bely dat hulle met liggaam en siel aan hulle getroue Saligmaker Jesus Christus behoort, beteken 'n lewende dankoffer aan die Here die volgende: As Christen besluit ek om my liggaam, my besittings en my hele lewe in diens van Christus op te offer. As Christen behoort my hele liggaam en my hele lewe aan die Here Jesus Christus.

Om verlos te word kos 'n mens niks nie, want Christus het daardie prys ten volle betaal. Om Christen te wees en te bly kos alles, want nou behoort jy geheel aan die Here om in sy diens te lewe. Dit is om hierdie rede dat Jesus mense gewaarsku het wat alte gretig was om

'n dissipel van Hom te wees. Jy moet weet dat jy 'n kruis sal dra en dat jy dit nie altyd gemaklik sal hê nie. Maar as 'n mens eers beseft hoe groot Christus se offer vir jou was, word jy aangespoor om die besluit te neem en uit te voer.

Ten tweede behels die dankoffer aan die Here dat jy gereeld die besluit moet neem en uitvoer. Wanneer 'n Christen een maal sy geloof openlik bely het en belowe het dat hy homself geheel en al aan die Here gaan toewy, beteken dit nie dat dit sy lewe lank so gaan bly nie. Iemand het een keer tong in die kies gesê: 'n Lewende offer het die geneigdheid om van die altaar af te kruip. 'n Christen moet dus voortdurend sy voorneme om die Here met sy hele lewe lief te hê en te dien keer op keer hernu.

As Christen groei jy immers in jou verhouding met die Here. As dit nie gebeur nie, is daar 'n fout in jou verhouding. Soos wat 'n mens groei in jou verhouding met die Here, leer jy Hom al beter ken en leer jy jouself ook beter ken. Jy kom gereeld agter watter dele van jou lewe nog nie aan die Here onderwerp is nie. Sodra jy dit agterkom, offer jy ook daardie deel van jou lewe aan die Here op. Jy kom ook in jou groei agter hoe ver en diep die Here se heerskappy strek en daarom wil jy jouself nog meer aan Hom opoffer, want jy behoort met liggaam en siel aan Jesus Christus.

Ten derde moet ons oplet wat op die altaar vir die Here geoffer word. Paulus sê ons liggame moet aan die Here geoffer word. In ons Kategismus sê ons dat ons onself as 'n dankoffer aan die Here toewy. Dit is nie net 'n Christen se hart wat aan die Here behoort nie. Sy hart, verstand, oë, ore, mond, hande en voete behoort alles aan die Here.

Dit lyk asof party mense dink as jy jou hart vir die Here gegee het, kan jy met die res van jou liggaam doen wat jy wil. Wie so redeneer, maak soos die heidense Grieke van ouds. Hulle het gesê dat die liggaam eintlik niks beteken nie en daarom nie belangrik is nie. 'n Mens se siel is belangrik, want dit is al wat vir ewig lewe. Met Jesus se opstanding uit die dood het die Heilige Gees dit duidelik gemaak dat ook die liggaam van die mens vir die Here belangrik is. As Christen offer ek my oë aan die Here deur dit nie te gebruik om na pornografie te kyk nie. My ore word aan die Here geoffer deur nie na skinderstories te luister nie. Ek offer my mond om vir ander te bid en hulle te leer van die Here. Ek offer my hande deur ander wat in nood is te help. Geen deel van 'n Christen se liggaam mag in diens van die sonde wees nie, want elke deel van sy liggaam behoort aan Jesus Christus.

In die vierde plek is die Christen se offer aan die Here 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer. Wanneer diere geoffer is, het die dier gesterf. Die Here verlang 'n lewende offer wat oor en oor aan Hom gebring word. Daarom het die Heilige Gees die nuwe lewe uit Christus aan die gelowige gegee. God gee die nuwe lewe deur die wedergeboorte. Christene gee hierdie lewe met blydskap terug aan die Here deur in sy diens te lewe.

Dit is 'n heilige offer. Dit wil sê, die Christen sonder sy lewe vir die Here af. Maar geen Christen kan in hierdie lewe 'n volmaakte dankoffer aan die Here bring nie, want hy doen nog sonde. Maar wanneer hy van sy sonde bewus word, bely hy dit voor die Here en smee om gereinig te word sodat hy nie oneer aan die Here bring nie.

So 'n lewende en heilige offer is vir die Here welgevallig. Net soos wat die offers van die diere in die Ou Testament 'n aangename geur was vir die Here, so stel 'n lewende en heilige offer van die Christen die Here tevrede. Dit is immers die Christen se oogmerk met sy lewe op aarde – hy wil God met sy hele lewe tevrede stel.

'n Christen wat elke dag die besluit neem en uitvoer om homself so as 'n lewende dankoffer aan die Here toe te wy, is besig met redelike godsdienste. In die lig van God se ontferminge vir Christene – die offer van sy geliefde Seun – is dit net redelik dat hulle hulleself geheel en al aan die Here sal offer. Diens aan die Here behels dus nie maar net 'n erediens bywoon en elke aand Bybel lees en bid nie. Dit is belangrik, ja, maar dit is nie die somtotaal van 'n mens se diens aan die Here nie.

Die Bybel ken nie 'n skeiding tussen 'n Sondaglewe en 'n weeklewe nie. Die Christen het een lewe wat hy van God ontvang het. Hierdie lewe word deur die Heilige Gees gevoed en versterk. Daarom behoort die Christen se hele lewe van Maandag tot Maandag elke week vir die res van sy lewe aan die Here alleen.

Geliefdes, wanneer 'n mens dan so luister na die gelowige se antwoord, besef 'n mens dat die vraagsteller 'n geldige afleiding gemaak het aan die begin. 'n Christen het nie meer 'n lewe van sy eie nie. Hy lewe nie meer vir homself nie. Sy lewe is geheel en al 'n offer aan die Here. As jy dan die ontferminge van God in Christus ondervind het, gee jouself dan geheel en al in diens van die Here.

Amen!

Slotgebed

Psalm 116:9, 10 (p. 570)

- 9 Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneeg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande^o is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.